Verwysing: 20190607-5593
Lêernommer: 12/2/10/3
Navrae: M Wiese

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0005/2019

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Leerder-ondersteuning en Prinsipale van gewone openbare en onafhanklike skole met spesiale onderwysbehoeftes

Onderwerp: 2019 Jaarlikse Opname vir skole met spesiale onderwysbehoeftes

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se 2019 Jaarlikse Opname vir skole met spesialebehoeftes sal op **05 September 2019** afgeneem word. Prinsipale moet die akkuraatheid van leerder- en opvoederdata op SOBIS afteken. Die leerderondersteuningshoofde moet die data van die Jaarlikse Opname teen die sperdatum op **12 September 2019** afteken.

2. Voor die prinsipaal of hul gedelegeerde op SOBIS afteken, moet hulle seker maak dat die volgende akkuraat op SOBIS weergegee word:

2.1 Alle leerders wat geregistreer is en skool bywoon in 2019, is in die korrekte grade, klasse en taal-van-onderrig-en-leer (TOL)-kategorie.

2.2 Leerderoorplasings (in en uit) is voltooi.

2.3 Graadveranderinge is voltooi.

2.4 Inligting oor leerdergestremdhede is korrek.

3. Die prinsipaal moet ook verseker dat die lys opvoeders op SOBIS, asook werkservaring, grade en vakke wat gedurende 2019 onderrig word, bygewerk en geverifieer is, (indien grade en vakke wat in vorige jare onderrig is, nie meer op die opvoeder se 2019-werkslading van toepassing is nie, moet dit verwyder word).

4. Om te help met die verifiëring van leerder- en opvoederdata, is 'n aantal foutverslae beskikbaar gestel wat dien om die bestaande data wat op SOBIS vasgelê is, te lei. Verseker asseblief dat alle foute wat op hierdie verslae vertoon word, voor aftekening opgelos is.

5. Die afmeldingsafdeling van die opname moet voltooi word as bevestiging om te verifieer dat die data 'n akkurate weerspieëling van die leerderinskrywing en die getal personeel, soos op **05 September 2019** is.

6. Daar sal van hospitaalskole verwag word om 'n drukstuk van die opname te voltooi. Die opname sal direk aan skole verskaf word.

7. Nadat die prinsipaal op **05 September 2019** afgeteken het, sal 'n momentopname van al die leerder- en opvoederdata gemaak word en foute wat oorbly, moet opgelos word voor die leerderondersteuningshoofde dit op **12 September 2019** afteken.

8. Die prinsipaal, as die institusionele OBIS-beampte, moet die data-prosesse bestuur om te verseker dat die verifikasiebewys en handtekeninge van personeel wat aangewys is om die data te kontroleer, op versoek van ouditeure getoon kan word. Aangesien die inligting ouditeerbaar is, moet die skool se sakeproses oor OBIS-data aangeteken word om aanspreeklikheid vir die akkuraatheid van data te verseker. Vir meer inligting kan Kennis- en Inligtingsbestuurminuut: 0003/2012, gedateer 10 Augustus 2012, geraadpleeg word. Prinsipale word ook daaraan herinner dat vanaf 2014, akkurate SOBIS-data 'n voorvereiste is vir skole om die tweede oordrag van norme-en-standaarde-toewysings te ontvang (Omsendbrief: 0044/2013, gedateer 29 Oktober 2013).

9. 'n Nasionale identiteitsnommer (ID-nommer) is verpligtend vir alle leerders op alle gerekenariseerde skooladministrasie- en bestuurstelsels. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit van ID-nommers is nie, en om die vaslegging van ontbrekende ID-nommers te fasiliteer. Indien 'n leerder nie in besit van 'n geldig ID-nommer is nie, moet 'n ongeldige ID-nommer NIE vasgelê word NIE. Adviseer asseblief ouers oor die proses om vir 'n ID by die Departement van Binnelandse Sake (DHA) aansoek te doen. Waar moontlik, word prinsipale versoek om ouers by te staan om die proses deur die DHA te fasiliteer.

10. Tydens die onlangse *Education Data Quality Audit* (EDQA wat in Kwartaal 2 van 2019 uitgevoer is, het dit aan die lig gekom dat skole nie akkurate rekords byhou nie. Die WKOD sal dus die nakoming en data-kwaliteit van alle Jaarlikse Opnames wat voorgelê word, monitor en enige gevalle van nienakoming, ongerymdhede en data-tekorte by die Hoof van Onderwys aanmeld.

11. Onafhanklike skole word daaraan herinner om hulself te vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel vorm van hierdie voorwaardes en nienakoming kan tot deregistrasie lei.

12. Indien enige probleme met die voltooiing van die opname ondervind word, kontak asseblief die tersaaklike leerderondersteuningshoof of inligtingstelsel-beampte wat hieronder gelys is:

Leerderondersteuningshoofde:

DISTRIK	LEERDER-ONDERSTEUNINGS HOOF	TELEFOON-NOMMER	E-POS
Metro-Noord	Carola Petersen	021 938 3063	carola.petersen@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Enver Hassen	021 514 6919	enver.hassen@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Guilot De Klerk	021 370 2090	guilot.deklerk@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Thembisa France (acting)	021 900 7159	thembisa.france@westerncape.gov.za
Weskus	Abraham Arendse	021 860 1209	abre.arendse@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Sura Swart (acting)	023 348 4660	sura.swart@westerncape.gov.za
Overberg	Annelien Crous (acting)	028 214 7399	annelien.crous@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Roger Jacobs	044 803 8351	rojacobs@westerncape.gov.za

Inligtingstelsel-beamptes:

DISTRIK	SOBIS DISTRIKS-ADMINISTRATEUR	TELEFOON-NOMMER	E-POS
Metro-Noord	Masixole Stofile Zintle Notununu	021 938 3052 021 938 3101	masixole.stofile@westerncape.gov.za zintle.notununu@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Anita Mcgrath Tercia Southgate	021 514 6751 021 514 6737	anita.mcgrath@westerncape.gov.za tercia.southgate@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Anastasia Rose Sive Jara	021 370 2120 021 370 2106	anastasia.rose@westerncape.gov.za sive.jara@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Buseka Ndinisa Thembeka Dlamini	021 900 7053 021 900 7011	buseka.ndinisa@westerncape.gov.za thembeka.dlamini@westerncape.gov.za
Weskus	Mervan Davids	021 860 1596	mervan.davids@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Kevin van Eeden Shamiel Abrahams	023 348 0635 023 348 0655	kevin.vaneeden@westerncape.gov.za shamiel.abrahams@westerncape.gov.za
Overberg	Suzanne Braaf	028 214 7411	suzanne.braaf@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Romelda Booysen Keith Zibi	044 803 8367 044 803 8346	romelda.booysen@westerncape.gov.za keith.zibi@westerncape.gov.za

13. Die WKOD waardeer die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voorgesette samewerking in 2019.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2019-08-19